VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

# BIOSEKURITEIT – WETGEWING EN MAATREëLS TER VOORKOMING

**Februarie 2026**



# INLEIDING

- Beweging / vervoer van diere – BKS grootste diere gesondheids bedreiging in eeu wat veebedryf nadelig beïnvloed
- Veiligheid van produsent se boerdery praktyk begin by homself/haarself (op sy / haar eie grond)
- Biosekuriteits maatreels gepubliseer in Staatskoerant (Gazette), nakoming van bepaalde wetgewing (Diere Gesondheid, Diere Identifikasie, Veediefstal, Omheiningswet, Padverkeerswet, ens)
- Maatreëls ter voorkoming van BKS (groen area) vs Kwarantyn area (rooi gebied)
- Kontrolelys vir biosekuriteit (veiligheid van vee kudde) op plase
- Opsomming

# BEWEGING / VERVOER VAN DIERE:

## Wat moet gebeur

- 28dae kwarantyn nuwe diere
- 48h voor verkope gesondheids verklaring na betrokke party deurstuur
- Veediefstal Art 6 & 8 (eienaarskap / veeverwydering)
- Gesondheidsverklaring van eienaar
- Dokumente bewaar vir 5jr
- Kry 'n naspeurbaarheid stelsel in plek
- Buffer van naburige plaas – heinings
- Verwys na kontrolelys op biosekuriteit

## Wat moet NIE gebeur nie

- Tans nie Rooikruis permit nodig, tensy onder kwarantyn en diere na abattoir vervoer word
- Vee van onbekende boer aankoop
- Spekulant op jou plaas toelaat nie
- Mense / agente / veeartse vanuit rooi gebiede met BKS op jou plaas toelaat sonder nodige biosekuriteit maatreëls nie
- Enige vermoede van BKS onder diere aanmeld aan staatsveearts

ONGEAG

# WETGEWING (biosekuriteits maatreëls):

## Die vervoer van diere in *GROEN AREA* benodig die volgende dokumentasie:

1. Wet op Veediefstal 1959: **Artikel 6** (Oordrag van eienaarskap: Indien jy diere aankoop/verkoop moet jy ‘n Art 6 ontvang/gee) Die brandmerk behoort nie aan jou (by aankoop) en daarom moet jy bewys van aankoop kan voorsien indien jy voorgekeer word. LW dat indien jy dit nie by jou het, kan die SAPD versoek dat dit getoon word – WhatsApp van die dokument is ook voldoende) (wet verwys na “Produsent”)

2. Indien jy vee vervoer en jy **is nie die eienaar, MOET jy in besit wees** van ‘n **Artikel 8** dokument. Indien die eienaar sy eie diere vervoer moet hy kan bewys dat die brandmerk aan hom behoort en daarom **MOET HY IN BESIT wees** van sy “**Brandmerk sertifikaat**” Indien nie, kan die SAPD jou verhoed om te ry totdat die bewys gelewer is.

3. In terme van die **Gesondheidsverklaring** die volgende: Daar is die persepsie dat dit SLEGS deur ’n veearts voltooi en geteken kan word. Hiermee die verklaring oor die betrokke Artikel in die verband:

VONGEAG

# WETGEWING (biosekuriteits maatreëls)

4. Definisie in **Wet op Dieresiektes van 1984** definieer "***responsible person***" *as* ***"The manager or owner of land or an owner of animals"***

   Artikel 4(3)d – *All the livestock to be moved to a gathering must be* ***inspected not more than 3 days*** *prior to movement to the gathering* ***by the responsible person OR a veterinarian for any clinical signs of disease.***

   *If the absence of clinical signs is confirmed,* ***an owner health declaration OR veterinary health attestation*** *must be issued in compliance with all conditions and prescriptions for such declarations as determined by the Director of Animal Health on the date of inspection.* = **Owner declaration**

5. In rooi gebied (plase onder kwarantyn) mag **GEEN DIERE** in of uit beweeg **SONDER DIE KENNIS van die STAATSVEEARTS**

VONGEAG

# WETGEWING (biosekuriteits maatreëls):

5. Diere kan geskuif word met nodige dokumentasie (**Rooikruis permit**)
6. **GPS koordinate** waarvan diere gelaai is / bekom is, op dokument aandui
7. Enige persoon wat wetgewing nie nakom, kan aangekla word itv **WET OP DIERESIEKTES, Wet 35 van 1984 -** *straf vir oortreding van relevante artikel wissel van boete tot tronkstraf*
8. Boere kennis neem dat hulle **onder GEEN OMSTANDIGHEDE voertuig wat vee vervoer mag aftrek of deursoek nie** - bevoegdheid behoort slegs aan SAPD asook Provinsiale Verkeer ingevolge Artikel 205 van Grondwet van RSA asook SAPD-wet van 1995.
9. Kan **SLEGS** iemand voorkeer of deursoek indien op jou eie perseel (Strafproseswet)
10. Artikel 42 vd Strafproseswet, Wet 51 van 1977, maak voorsiening vir arrestasie (siviel regtelik) wanneer misdaad in jou teenwoordigheid gepleeg word

VONGEAG

# KONTROLELYS VIR BIOSEKURITEIT – PLASE:

Nege (9) kern aksiestappe wat van belang is vir boer tov veiligheid van sy diere kudde:

1. **Pas Plaasprotokol toe** – kennisgewing bord, biosekuriteitsbord, hek, log boek, kamera, ens.

2. **Opstel van kontrolepunt** naby woning (nie kraal/kamp nie) – ontsmettingsmiddel byderhand, kalk, besoekers register, begeleiding van besoeke waar moontlik













NGEAG

# KONTROLELYS VIR BIOSEKURITEIT – PLASE:

Nege (9) kern aksiestappe.......... ***vervolg***:

3. **Betrokkenheid van werkers** – besoekersregister (aankoms / vertrek) vanaf plaas, enige beweging deurgee, opleiding, ontsmettingsklere / skoene

4. **Inskakeling by Gebeurlikheidsplan** in area – Gebeurlikheidsplan vir biosekuriteit in area, maandelikse landelike veiligheids vergaderings met SAPD, skakeling bestuur kommunale gronde om rondloper diere aan te spreek, wit/blou lig patrollies op sekondêre paaie, heinings/drade deurlopend inspekteer, meld alle insidente aan (*tegnologiese monitering van voertuig beweging*)

5. **Belangrike kontak persone/ noodnommers** – kontak met bure, staatsveearts/dieregesondheids tegnikus, whatsapp groep tussen kommunale boere, v/verteenwoordiger, LV koordineerder SAPD

SEDERT 1904

ONGEAG

# KONTROLELYS VIR BIOSEKURITEIT – PLASE:

Nege (9) kern aksiestappe.......... ***vervolg***:

6. **Bemagtig met kennis en opleiding** – regsaspekte itv wetgewing, boetelyste, ens

7. **Beweging van diere en handel** – in BKS vry area, beperk diere inkom en uitgaan, gee deur aan v/verteenwoordiger BV, SAPD (register byhou), naspeurbaarheid stelsel, *pin locations*, fotos, kamera data, ens, alle depte moet voldoen aan plaas protokol

8. **Waarskuwings tekens (misdade** wat verband hou met verspreiding van BKS) – Betreding, Onwettige jag met honde, KBE, veediefstal, huisbrake, enige diefstal, rapporteer alle insidente aan SAPD, papierspoor – afsetgebied gesteelde vee NB

ONGEAG

# KONTROLELYS VIR BIOSEKURITEIT – PLASE:

Nege (9) kern aksiestappe.......... ***vervolg***:

**9.** **Inligting skakeling/-vloei** – verdagte persone/beweging/voertuie in area, vooraf inligting belangrik vir besoeke aan plaas

# OPSOMMING:

- Nakoming van wetgewing krities om verspreiding van BKS te beperk
- Beweging van vee net so krities om verspreiding van virus te beperk
- Belangrik dat in ROOI GEBIED, GEEN VEE verskuif word sonder Rooikruis permit van staatsveearts
- In GROEN GEBIED, alle beweging en verskuiwing van vee dokumenteer – seker maak dokumentasie is korrek, nodige persone ingelig, biosekuriteits maatreels in plek by plaas
- Weeklikse deurgee van inligting aan VL dmv veiligheid struktuur vir koordinering, integrasie en sentralisering na biosekuriteit rolspelers ten einde voorkomend risiko's aan te spreek

# OPSOMMING:

- Heelwat boerdery gemeenskappe het dienste van privaat sekuriteit en toegang tot tegnologiese hulpmiddels ten einde beweging van voertuie wat vee vervoer, te monitor / deur te gee
- Belangrik dat gemeenskappe bv kommersiele-, opkomende-, bestaansboere saam werk en effektief kommunikeer om volhoubare landbou sektor daar te stel
- Toekoms van vrye handel, voedsel sekerheid en voortbestaan van boerdery praktyke is onder beleg as nie gebeur nie

SEDERT 1904

ONGEAG

VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

# DANKIE


**Dr Jane Buys**
**082 922 8434**
jane@vslandbou.co.za

**Isabel Kruger**
**082 042 3359**
stepbyfaithm@gmail.com


VRYSTAATLANDBOU.CO.ZA

